




Maak 'n stel van minstens 10 vissies per groep en 'n visstok per span. Sit 'n skuifspeld vooraan elke vissie as jy 'n visstok met 'n magneet gaan gebruik. Teken agterop 3 of 4 van die vissies 'n Jonatjie. Plaas die vissies in 'n groot bak. Vir elke vissie wat jul vang, kry die span 100 punte. Vir elke vissie wat julle vang met 'n Jonatjie op, kry julle 200 punte. Die eerste span wat 1000 punte het, wen die visvangkompetisie! 

**Woord:** Jona 1-4 - Jona en die groot vis

(video van storie by: of <https://www.youtube.com/watch?v=WOSadLyqshg>)

In die stad Nineve was die mense baie ongehoorsaam. God het vir sy profeet Jona gesê om na Nineve toe te gaan en die mense te waarsku dat hulle moet verander. Maar Jona het in die teenoorgestelde rigting weggehardloop. Hy het op 'n skip geklim wat op pad was na Tarsis toe.

Terwyl die skip op die see gevaar het, het 'n verskriklike storm opgekom, en die matrose was baie bang. Hulle het tot hulle gode gebid en gevra: 'Hoekom gebeur hierdie dinge?' Uiteindelik het Jona vir hulle gesê: 'Dis my skuld. Ek hardloop weg omdat ek nie wil doen wat God gesê het nie. Gooi my in die see, en dan sal die storm bedaar.' Die matrose wou Jona nie in die see gooi nie, maar hy het aangehou sê dat hulle moet. En toe hulle dit doen, het die storm opgehou.

Jona het gedink dat hy gaan sterf. Terwyl hy dieper en dieper in die see afgesink het, het hy tot God gebid. Toe het God 'n baie groot vis gestuur. Die vis het Jona ingesluk sonder om hom dood te maak. Binne-in die vis het Jona gebid: 'Ek belowe dat ek altyd aan u gehoorsaam sal wees.' God het Jona drie dae lank veilig in die vis gehou. Toe het God seker gemaak dat die vis Jona op droë grond uitspoeg.

## Durbanville Gemeente - Bybelstudie vir families

God het Jona gered. Het dit beteken dat dit nou nie meer nodig was vir Jona om na Nineve toe te gaan nie? Nee. God het weer vir Jona gesê om soontoe te gaan. Hierdie keer was Jona gehoorsaam. Hy het vir die goddelose mense daar gesê: 'Oor 40 dae sal Nineve vernietig word.' Toe het iets onverwags gebeur—die Nineviete het geluister en hulle het verander. Die koning van Nineve het vir sy mense gesê: 'Bid tot God en wys dat julle jammer is. Dalk sal hy ons nie vernietig nie.' Toe God sien dat die volk regtig jammer is, het hy Nineve nie vernietig nie.

### Gesels as gesin oor die volgende vrae

1. Waarheen het God Jona beveel om te gaan?
2. Hoekom wou hy nie daarheen gaan nie?
3. Wat het met die skip gebeur waarop Jona probeer vlug het?
4. Wat het toe met Jona gebeur?
5. Was Jona uiteindelik gehoorsaam?
6. Soms is daar maats of ander mense van wie ons net nie hou nie. Dit is dan baie moeilik om gaaf en vriendelik met hierdie mense te wees. Wat vertel die storie van Jona vir ons oor hoe ons teenoor hierdie mense moet optree?






Ons leer ook uit hierdie storie dat ons nooit vir God kan wegkruip nie - hy weet altyd waar ons is. Dit beteken dat God se beskerming en liefde altyd by ons is, maar dit beteken ook dat ons nie ons optrede vir hom kan wegsteek nie. Ons het 'n verantwoordelikheid om as Christene altyd lief te wees vir die mense om ons - selfs al hou ons nie van hulle nie.

### Gebed

Here, dankie dat u ons altyd beskerm en liefhet. Help ons om ook ons vyande lief te hê.

**Inkleur aktiwiteit**

Druk die prent, kleur dit in en vou soos voorbeeld onder.



## Durbanville Gemeente - Bybelstudie vir families

### Speletjie

Druk die Jona bordspel op bladsy 5

Jy benodig die volgende vir 4 persone:

- Bordspel
- Twee dobbelstene
- Vier skuiwers

### Aanwysings:

Om te begin gooi elke spele een keer. Die hoogste gooier mag begin.

Jy skuif soveel aan soos jy gooi.

Om te wen moet jy op 63 land. As jy te veel gooi, moet jy terugtel.

Geniet dit!

